Beste Graad 12-leerder

IIn hierdie vak leer jy hoe Afrikaans gebruik word. Die klem val op die vaardighede luister en praat, lees en kyk, skryf en aanbied asook op grammatika.

## Vakvereistes

Jy het die volgende nodig vir die vak:

- 'n Taalhandboek
- Voorgeskrewe boeke (enige twee genres: Roman/ Drama/ Kortverhale/ Gedigte)
- Skryfboeke vir Skryfwerk, Taal en Voorgeskrewe
- 'n Tweetalige woordeboek

## Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy moet gebruik om te verseker dat jy al die Graad 12-inhoud gedek het.

## Leesbegrip en Opsomming

- Interpretasie van visuele tekste
- Leesbegripstrategieë
- Kritiese taalbewustheid
- Onderskei tussen hoof- en ondersteunende idees

## Taal in konteks

### Oorredingstegnieke

- Gevoelstaal, oorredende taal, partydigheid, manipulerende taal
- Hoe taal en beelde waardes en houdings reflekteer/ oordra / weergee en vorm
- Beelde en taal wat seksisties, partydig, ouderdomdiskriminerend is en stereotipes versterk
- Die impak en gebruik van lettertipes en lettergroottes

### Woordeskatontwikkeling en taalgebruik

- Figuurlike taal en retoriese middels
- Denotasie en konnotasie
- Voorvoegsels en agtervoegsels
- Idiomatiese uitdrukkings, idiome en spreekwoorde
- Hoe dialekte, sleng en leenwoorde teksbetekenis beïnvloed
- Homofone, homonieme, sinonieme en antonieme
- Een woord vir 'n omskrywing.
- Afkortings, verkortings en akronieme

### Sinstrukture en die ontleding van sinne

- Lydende vorm en ontkennende vorm
- Direkte en Indirekte rede
- Ontkenning
- Woordorde
- Sinsoorte en Woordsoorte
- Verbindingswoorde

## Letterkunde

Jy moet kontekstuele vrae beantwoord. Jy sal twee van die volgende genres bestudeer en daaroor geëksamineer word:

### Poësie (10 gedigte)

- Woordbetekenis
- Verstegniese middele: uitkenning en funksies
- Uiterlike en innerlike bou van gedigte
- Rym, halfrym en herhaling
- Titel, tema en boodskap
- Beeldspraak en stylfigure

### Roman / Kortverhale (8 verhale)

- Die inhoud van die boek/verhaal
- Intrige en subintrige
- Karakterisering
- Konflik, verteller, ruimte en tyd
- Ironie, tema en boodskap

### Drama

Al die aspekte by die Roman en Kortverhale asook:

- Dramatiese ironie
- Verhoog- en toneelaanwysings
- Handeling, tyd en dialoog
- Die struktuur van die drama

## Skryfwerk

- **Opstelle:** Verhalend, Beskrywend, Argumenterend, Bespiegelend, Beredeneerd
- **Langer transaksionele tekste:** Vriendskaplike briewe/ Formele briewe (versoek/ aansoek/ sakebrief/ klagte/ simpatie/ gelukwensing/ bedanking)/ Curriculum Vitae en dekbrief (as 'n kombinasie)/ Formele en informele briewe aan die pers/ e-pos/ Resensies/ Koerantberig/ Tydskrifartikel/ Agendas en notules (as 'n kombinasie)/ Formele en informele verslae/ Huldeblyke/ Dialoog/ Geskrewe onderhoude/ Geskrewe formele of informele toesprake
- **Korter tekste:** Advertensie / Uitnodigingskaartjie/ Plakkaat / Strooibiljet Dagboekinskrywing / Kort teksboodskappe (SMS), naamlik: WhatsApp, Facebook Messenger, ens. ) / Instruksies / Aanwysings

## Assessering

**Skoolgebaseerde Assessering bestaan uit:**

| | |
|---|---|
| 1 toets: | **40 punte** |
| 2 eksamens (of 1 eksamen + 1 toets) (halfjaar /toets en Voorbereidend / toets): | **250 punte** |
| 3 skyftake (opstel, lang en kort transaksionele tekste): | **100 punte** |
| 1 Letterkundetaak: | **35 punte** |
| **Totaal: 675 ÷ 6,75** | **100 punte** |

**Die eksterne eksamen bestaan uit 4 vraestelle:**

| | |
|---|---|
| **Vraestel 1**: (Begrip, Opsomming en Taal): | **80 punte** |
| **Vraestel 2:** Literatuur (enige twee uit: Digkuns, Roman, Drama en Kortverhale): | **70 punte** |
| **Vraestel 3:** Skryf (Opstelle, Lang en Kort transaksionele tekste): | **100 punte** |
| **Vraestel 4:** Mondeling | **50 punte** |
| **Totaal:** | **300 punte** |

## Wenke vir sukses

- Lees gereeld boeke, berigte, artikels en spotprente in Afrikaanse koerante en tydskrifte.
- Lees elke dag ten minste 800 woorde en skryf ten minste 300 woorde in Afrikaans.

**DBO Selfstudiegids: Kritiese Taalbewustheid**

https://wcedeportal.co.za/eresource/172656